BRIEWE • LETTERS



33333340248_110310-KG-hun-briewe

Moeg vir mense wat skinder

Anneline van Jeffreysbaai, skryf: Ek wil net graag vir die mense op Jeffreysbaai sê wat so skinder en in hul eie verbeeldingswêreld lewe: Pasop, ek sal uitvind wie dit is, en is nie bang nie.

Blykbaar mag 'n mens met niemand praat nie, dan het jy 'n verhouding. Ons was net vriende wat helder oordag met mekaar in die straat gepraat het.

Deur julle geskinder is die vriendskap tot niet.

Is dit jaloesie wat ek sien? As julle nie werk vir julle hande het nie, sal ek vir julle werk gee.

Ek gaan werk toe en huistoe, pla niemand en skuld julle niks.

Ek werk hard en probeer 'n eerlike lewe lei, moenie die lelik in my uitbring nie, want glo my ek kan.

Vir my klink dit ook asof julle graag dit wil hê, waaroor julle skinder, maar moenie my naam gebruik nie asb. Ek het nou net my man gelos en sien werklik nie kans nou vir 'n verhouding nie, so moenie van my skinder nie, want glo my, ek verdien dit nie.

En onthou in die Bybel staan dat die tong jou grootste vyand kan word. So, julle sogenaamde Christene dink weer, voordat julle vir mense vertel julle is Christene.

Wees gewaarsku. Los my uit!

Graslaagte sê dankie

Die personeel en leerders van Graslaagte Primêr van Humansdorp, skryf: Graslaagte bedank graag vir Jacques van Wyk van Pick n Pay vir hul donasie vir ons weeskindersprojek (Child-headed Household), asook vir Sandra Coetzer van Sandra Coetzer Oogkundiges op Jeffreysbaai wat weereens 'n leerder in Graad 1 gehelp het met 'n oogtoets en bril.

Die Here seën u.

Geen verwydering van tuinvullis?

Pastoor Trollip van Jeffreysbaai, skryf: Hiermee wil ek my misnoeë uitspreek vir die swak diens van die Kouga-munisipaliteit om 'n mens nie eers in kennis te stel, deur 'n brief te stuur, om te sê dat die vullisverwyderingafdeling nie meer gras wat in swart sakke is verwyder nie.

Dinsdag 2 Februarie is twee swart sakke wat gras ingehad het gelos, een is opgetel, die sak het geskeur, die gras en honde se gemors is so gelos. Ek self moes dit gaan skoonmaak!

Ek het vullisverwydering gebel by 073 077 3632 en die persoon het vir my gesê die afdeling verwyder onder andere nie meer gras nie op opdrag van die Raad van die Kouga-munisipaliteit.

Ek is ongelukkig dat die gemors net so in die straat gelos is en nie eens skoongemaak is nie.

Om te weet hulle word 'n goeie salaris betaal en dit is die manier hoe hulle die publiek hanteer en ek moet elke maand my geld vir vullisverwydering betaal!

Stuur briewe aan / Send your letters to
E-mail/e-pos: kougaexp@media24.com
Faks/fax: 042 293 3957

ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT
(EIA): 12/12/20/944
ESKOM: PROPOSED NUCLEAR POWER STATION AND ASSOCIATED INFRASTRUCTURE

ARCUS GIBB ENGINEERING & SCIENCE

AVAILABILITY OF DRAFT ENVIRONMENTAL IMPACT REPORT AND ASSOCIATED SPECIALIST STUDIES FOR PUBLIC REVIEW

As part of the Environmental Impact Assessment (EIA) process for the proposed Eskom Nuclear Power Station and associated infrastructure, the public is hereby notified of the availability of the Draft EIA Report and associated specialist studies for public review and comment. The Draft EIA Report (hard copy and CD) will be made available during the Comment Period **6 March 2010 - 10 May 2010** at the following public venues:

Eastern Cape, Public Libraries: Humansdorp, Jeffery's Bay, Kareedouw, Kruisfontein, Plettenberg Bay and St Francis Bay. **Other venues:** Oyster Bay – Oesterbaai Eiendomme

Western Cape, Public Libraries: Atlantis, Bredasdorp, Elim, Gansbaai, Hermanus, Koeberg, Milnerton, Table View and Welverdiend (Bredasdorp). **Other venues:** Arcus GIBB Cape Town Office, Baardskeerdersbos Winkel, Jenny's Handelaar (Wolvengat).

Public Venue, Gauteng: Arcus GIBB Office, 14 Eglin Road, Sunninghill, Johannesburg

The Draft EIA Report can also be downloaded from the following websites:
- Eskom's website: www.eskom.co.za/eia under the "Nuclear 1-Generation" link
- Arcus GIBB website: http://projects.gibb.co.za/ under the "Nuclear 1 EIA" link

Summaries of the Draft EIA Report are available from the Public Participation Office.

PUBLIC MEETINGS

All Interested and Affected Parties are invited to attend Public Meetings scheduled as follows:

PROVINCE	AREA	DAY AND DATE	VENUE	TIME
Western Cape	Hermanus	Tue, 23 March 2010	Overstrand Municipal Auditorium	18H00 – 20H00
	Pearly Beach	Wed, 24 March 2010	Pearly Beach Club	18H00 – 20H00
	Bredasdorp	Thur, 25 March 2010	Overberg Agri Hall	18H00 – 20H00
Eastern Cape	Oyster Bay	Tue, 13 April 2010	Oyster Bay Hall	18H00 – 20H00
	Humansdorp	Wed, 14 April 2010	Humansdorp Country Club	18H00 – 20H00
	St Francis Bay	Thurs, 15 April 2010	St Francis Links	18H00 – 20H00
	Sea Vista	Fri, 16 April 2010	Sea Vista Community Hall	18H00 – 20H00
Western Cape	Cape Town	Mon, 19 April 2010	Vineyard Hotel, Newlands	18H00 – 20H00
	Duynefontein	Tue, 20 April 2010	Atlantic Beach Golf Club	18H00 – 20H00
	Atlantis	Wed, 21 April 2010	Thusong Centre Community Hall	18H00 – 20H00

The purpose of Public Meetings is to provide the public with an opportunity to (a) discuss the findings as they are presented in the Draft EIA Report and (b) comment on the specialist study findings and the outcomes of the EIA. The EIA Team will be available from 17h00 to answer individual questions on the Draft EIA Report. Interested and Affected Parties are encouraged to review the Draft EIA Report, attend Public Meetings and submit written comment by **10 May 2010.**

For further information, please contact Bongi Shinga, Dalene Murie or June Mottram at ACER (Africa) P O Box 503, Mtunzini, 3867
Tel: 086 010 4958 Fax: 035 340 2232 E-mail: nuclear1@acerafrica.co.za

ACER Africa

This assessment is conducted on behalf of Eskom Holdings Limited

Date of advertisement: 10 March 2010

6FBEYK40248_110310-KG-hun-boer

EINDE VAN DIE DOOP-DEBAT

Ds. Gideon Aggenbag van Joubertina, skryf: Ter wille van ons lesers wil ek net een en ander noem wat moontlik verwarring of misverstand mag skep na aanleiding van Desmond Bester se brief.

Ek het nêrens gesê dat ouers of die doop 'n kind kan red nie, ook nie dat kinders as "seremonieel heilig" beskou was nie. Daar is ook nêrens in die Gereformeerde leer 'n sg. "tradisionele indruk" dat die doop of ouers 'n kind kan red nie. Mnr. Bester se ouers was blykbaar onder 'n verkeerde indruk.

Dit is vir my vreemd dat mnr. Bester sê: "Ek is nie geoorloof om oor twispunte en leerstellings van kerke te argumenteer nie", terwyl hy self hierdie debat begin het. Hy het ook nie van my aanbod gebruik gemaak om my geskrif, "Die Doop in Perspektief" aan te vra nie.

Soos mnr. Bester, behoort ek ook nie aan enige kerk nie. Ek behoort aan Jesus Christus, en is 'n lidmaat van die NG kerk. Niks wat ek oor die doop geskryf het, was bedoel as "twispunte" nie – ek het slegs probeer om verkeerde indrukke wat in 'n advertensie geskep was, reg te stel.

Ek herhaal weer my aanbod dat enigeen my kan kontak vir 'n gratis eksemplaar per e-pos van my geskrif – "Die Doop in Perspektief" - by gaggenbag@lantic.net.

JA Swanepoel, skryf: Graag wil ek ook toetree tot hierdie interessante onderwerp: Die Doop.

Kan ds. Aggenbag my een plek in die Bybel wys waar Jesus se dissipels 'n babatjie besprinkel het, deur te sê: bababtjie ek besprinkle jou as gevolg van jou ouers se geloof in Jesus.

In Esegiël 18 is dit baie duidelik dat die Vader nie vir die Seun kan instaan nie en die Seun ook nie vir die Vader nie. Toe Jesus sy bediening op aarde begin het, was Hy deur Johannes gedoop gewees, en aan die einde van sy bediening (Matt.28:19) beveel Hy sy dissipels om dissipels van alle nasies te mak en hulle te doop in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. En hulle te leer om alles te onderhou wat Jesus hulle geleer het. Maak 'n dissipel, doop hom en leer hom.

In Rom.10:14: "Hoe kan hulle Hom aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?" Rom. 10:17: "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God."

In Mat.19:14 sê Jesus dat die kindertjies behoort aan die Koninkryk van die Hemel. Die Roomse katolieke glo dat as die babtjie nie besprinkel is nie en sterf, dan gaan die kind hel toe wat verkeerd is.

In Hand.8:12: "Maar toe hulle Fillipus geglo het, wat die Envagleie aangaande die koninkryk van God en die naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue. Toe hulle geglo het, het hulle toelating tot die doop gekry.

Kom ons kyk na Fillipus en die hofdienaar in Hand.8:127. Ons lees dat die hofdienaar van Jerusalem afkom waar hy aanbid het. Hierdie man was godsdienstig maar nie gered nie, sos baie kerkgangers. Maar hy was honger vir die Woord, maar het dit nie verstaan nie. Die Here het deur 'n engel opdrag aan Fillipus gegee om by die hofdienaar aan te sluit.

Uit Jes.53;7 het Fillipus die evangelie van Jesus verkondig en die hofdienaar het geglo dat Jesus Chrustus die Seun van God is en omdat hy geglo het, het altwee in die water afgeklim en nadat die hofdienaar gedoop is, het hulle uit die water opgeklim.

Hulle kon maar 'n beker water geskep het en die hofdienaar se voorkop natgemaak het. Die doop is 'n begrafnis waar jy die ou mens begrawe as 'n getuie dat jy saam met Jesus aan die kruis gesterf het en saam met Jesus opgestaan het as 'n nuwe skepsel. Lees 2Kor5:17.

Hand.10: Cornelius die hoofman en sy hele huis was Godvresend en gedurig in gebed, maar ongered en die Here het Petrus beveel om die evangelie aan hulle te verkondig, en terwyl hy besig was het die Heilige Gees op die gehoor geval wat die Woord gehoor het en hulle is gedoop.

Heb.4:2: Maar die Woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met geloof verenig was nie.

Joh15:14: Julle is my vriende as julle alles doen wat ek julle beveel. Ek is so bly dat ek nie 7 jaar universiteit toe gegaan het om die Bybel verkeerd te lees en te verstaan nie. Shalom.

Redakteursnota: Hiermee word die Doop-debat finaal afgesluit.

So lyk dit op Jeffreysbaai

Anoniem van Jeffreysbaai, skryf: So lyk dit op talle plekke in Jeffreysbaai waar honde op onomheinde erwe aangehou word - in hierdie geval die bure oorkant die straat se twee groot honde. En dan praat ons nie eers van hul "slagysters" wat op al die bure se grasperke en plaveisels gelaat word nie.

Die foto is in Kiepersolsingel geneem.

Wanneer gaan die Munisipaliteit sy regulasies begin toepas?

DAGBOEK / DIARY

BOOTSALE. Hooked on J'Bay will hold their bootsale this Saturday from 9am to 2pm at the premises in 16 Oosterland Street in Jeffreys Bay. Cost is R50 per stallholder. For info, phone Lynette at 078 353 1646.

KUNS EN BLOMME. Die Humansdorp Kuns- en Blommevereniging vergader op 16 Maart om 9.30vm in die Metodiste-kerksaal in Kempstraat op Humansdorp. 'n Uitstalling en bespreking van ouditude word aangebied. Besoekers is welkom teen R10 per persoon en sluit tee en verversings in. Vir inligting, bel Elaine by 042 295 1307.

NIFTY FIFTIES. The Nifty Fifties will meet in the Methodist Church Hall on March 26 at 9am for 9.45am. Haley Uys will speak on Celebrating Life after a Kidney Transplant - Athletics with a Difference. For info, contact Margaret Crouse at 042 293 1268.

SCALE MODELS. The Eastern Cape Scale Model Club will be holding there next club meeting on Saturday, March 13 at 2pm for 2.30pm in the Methodist Church Hall in Third Avenue, Newton Park. Bring all your modelling projects that you are busy with. For info , contact Chairman Mark Menge 082 321 0697 or George Winship 082 552 1094.

PAASDIENS. Die Kareedouw Kantory o.l.v. Johan Strydom bied op 14 Maart om 6.30nm, 'n Paasdiens in die NG Gemeente Kompleks aan. Met tyd het daar 'n verromantiseerde beeld oor die Pase omstandighede Die Via Dolorosa, 'n Paasherinneringsdiens" poog om weer 'n stuk van die emosie en realiteit van hierdie belangrike gebeure weer te gee deur middel van teks, koorsang, gemeentesang en improvisasie op tradisie wat aan Jesus se kruisdood en opstanding herinner. As orrelis tree Johan Strydom op saam met Anneliese Crouwkamp (klarinet en blokfluit) en die NG Gemeente Kareedouw se kantorij.

BEACH BEAT. Are you tired of seeing rubbish and litter spoil the beauty of our town's beaches? Well this is your chance to do something about it. Join us on Saturday, March 20 from 8am to 10am for a beach clean-up starting at Checkers Beach parking lot and ending at Lower Point. For more info, contact Tammi at 076 311 1400. Don't forget your hats and sunblock!!

SAVA VERGADER. Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Afgetredens (Sava) hou hul maandelikse vergadering op 18 Maart om 10vm. Bert Behrens sal gesels oor "Voor Jeffreysbaai". Almal is welkom. Kontak Louis Opperman by 042 296 0193.

MULLERS. Die Antonie Michael Müller-Familiebond (nakomelinge van Antonie Michael Müller) hou 'n familie-saamtrek vanaf 9 tot 11 April op die plaas Kleinberg net buite Mosselbaai, waartydens die nuwe opgedateerde en uitgebreide Müller-boek van 1990 bekendgestel gaan word. Georganiseerde toere word beplan. Navrae: Koot Müller by 083 378 9550.